JUTA SE

AFRIKAANSE TAALBOEKIES

PARALLEL TAALSERIE

(AFRIKAANS EN ENGELS)

VIR SUID-AFRIKAANSE SKOLE

DEUR

H. H. BROODRYK, B.A.,

LEKTOR IN OPVOEDKUNDE AAN DIE UNIWERSITEIT VAN KAAPSTAD.

STANDERD IV.

AFRIKAANS.

JUTA & KO., BEPERK

KAAPSTAD PORT ELIZABETH. UITENHAGE.
JOHANNESBURG.

1923.

SKB
372.6
BRO

JUTA SE

AFRIKAANSE TAALBOEKIES

PARALLEL TAALSERIE

(AFRIKAANS EN ENGELS)

VIR SUID-AFRIKAANSE SKOLE

DEUR

H. H. BROODRYK, B.A.,

LEKTOR IN OPVOEDKUNDE AAN DIE UNIWERSITEIT VAN KAAPSTAD.

STANDERD IV.

AFRIKAANS.

JUTA & KO., BEPERK

KAAPSTAD. PORT ELIZABETH. UITENHAGE.
JOHANNESBURG.

1923.

N000011607

Voorwoord.

In die bewerking van hierdie serie is getrag om die volgende beginsels toe te pas :—

1. Die onderwys in die een taal moet heeltemal afsonderlik gehou word van die onderwys in die ander taal. Die kind moet direk leer dink in die taal wat hy leer. Die vertaal-metode word dus nie gebruik nie.

2. Die korrekte taalvorm of taalgebruik is die uitgangspunt, en dien steeds as model vir die leerling. Daar word op aangedring dat hierdie modelle, wat as leestof die eintlike oefeninge voorafgaan, deeglik studeer word, voor die leerlinge van hulle afstap.

3. Die verkeerde, die onjuiste moet sistematies vermy word. Net op die juiste taalgebruik word nadruk gelê.

4. Betekenis moet nooit aan vorm opgeoffer word nie ; onsin, gesogtheid en kunsmatigheid moet vermy word, selfs waar dit net daar om te doen is om 'n taalverskynsel te verklaar.

5. In die taalles ook moet dit moontlik gemaak word vir die kind om hom in 'n bepaalde appersepsiekring te beweeg. Hy word dus van die staanspoor voor 'n *eenheid* geplaas, waarin en waaromheen hy hom kan oriënteer. Los sinne en toetse moet dus net *betreklik* los wees, in die sin dat hulle aansluit by die eenheid, waarin die kind hom reeds bevind.

6. 'n Sistematiese en formele studie van grammatika het, vir leerlinge op die laer skool teminste, só min en só 'n twyfelagtige soort waarde, dat dit nie die moeite werd is om daar teveel drukte van te maak by die taalonderwys nie.

Die beskaafde *taalgebruik* dien as uitgangspunt en basis van ons onderwysmetode ; die *beskaafde gebruik van die taal,* in sy gesproke en geskrewe vorme, is hoofdoel van ons taalonderwys op die laer skool. Volg ons daardie metode, en bereik ons daardie doel, dan sal ons nie alleen die kind van 'n onontbeerlike wapenrusting voorsien het nie, maar ook in hom die kiem geplant het van 'n liefde vir wat mooi is in die boekewêreld.

H.H.B.

Kaapstad,
Februarie 1922.

1. Lees :

Oom Frans was haastig.

Eenmôre kort na sonop, kom Oom Frans du Toit by sy buurman, en hou stil voor die deur.

„En toe Neef Frans, waar is die motorkar dan vanmôre?" vra Oom Manie.

„Ek moet gou dorp-toe gaan Neef, en wil nog voor twaalfuur weer tuis wees," antwoord Oom Frans.

2. Waar het Oom Frans du Toit stilgehou?
   Waarmee het hy gery?
   Wat het Oom Manie hom gevra?
   Wat was sy antwoord?
   Wat het hy bedoel met daardie antwoord?

3. Vertel die verhaaltjie nogeens oor.

4. Wat is die *vroulik* van : *oom, buurman, neef.*
   Skrywe ook die *meervoud* van hierdie drie woorde.

5. Skrywe sinne wat die onderskeid aantoon tussen
   eenmôre en *een môre,*
   twaalfuur en *twaalf uur,*
   voordeur en *voor die deur,*
   dorp-toe en *na die dorp.*

6. 'n *Vraende* sin is 'n sin wat 'n vraag stel, soos Waar is die motor dan vandag? 'n *Verklarende* sin is een wat iets sê of verklaar, soos Ek moet dorp-toe gaan.

   Skrywe vier vraende en vier verklarende sinne.

1. Lees :

Wat het Sus makeer ?

Sus het so tekeergegaan op die bed, dat haar ma wakker word.

„ Sus, wat makeer ? "

Sus kruip nader na haar moeder, slaan haar armpies om haar nek, en steek haar kop half onder die kussing in.

„ Ag Mammie," antwoord sy, „ ek het so 'n naar ding gedroom."

2. Waarop het Sus gelê ?
   Waarom het haar ma wakker geword ?
   Wat vra haar ma toe ?
   Wat het Sus gedoen ?
   Wat het sy gesê ?

3. Vertel nogeens wat met Sus gebeur het.

4. Vertel iets wat jy gedroom het.

5. *Armpie* is die meervoud van *arm*. Skrywe sinne met die meervoud van : *oom*, *droom*, *raam*, *derm*, *wurm*.

6. Skrywe sinne met die volgende woorde : *inkruip*, *omslaan*, *uitsteek*.

7. Voltooi die volgende sinne :
   (*a*) Sus se ma het haar gevra wat . . . . . .
   (*b*) Sus het haar armpies . . . . . .
   (*c*) Toe sê sy dat . . . . . .

8. Wat beteken die volgende sinne :
   (*a*) Jannie is 'n wakker kêreltjie.
   (*b*) Die trein kruip teen die opdraend uit.
   (*c*) Nee wat, jy droom !

Juta se **Afrikaanse Verhaaltjies,** 1/6. Net die boekie vir leerlinge in Standerd IV.

1. Lees :

Die sekretaris en sy horlosie.

President Krüger se sekretaris kom eenmôre 'n halfuur laat op kantoor. Die President het al vir hom gewag.

Die sekretaris maak ekskuus, en sê dat sy horlosie gaan staan het.

„Wel," antwoord Oom Paul, „jy sal moet 'n ander horlosie kry, of ek 'n ander sekretaris."

2. Wat het eenmôre met die sekretaris gebeur ?
   Wie het al vir hom gewag ?
   Waar het die President gewag ?
   Wat het die sekretaris gesê ?
   Wat was die President se antwoord ?
3. Vertel hierdie verhaaltjie in jou eie woorde.

4. Voltooi die volgende sinne :
   (*a*) Eenmôre het die sekretaris van . . . . . .
   (*b*) Die sekretaris sê toe : „Ekskuus . . . . . .
   (*c*) Die President antwoord en sê dat . . . . . .
   (*d*) Die sekretaris het toe . . . . . .

5. Wat is die verskil tussen *eenmôre* en *een môre* ; *elfuur* en *elf uur* ; *twee-uur* en *twee uur* ?

6. Skrywe sinne met : op kantoor, op die kantoor ; op tafel, op die tafel ; aan tafel, aan die tafel ; op skool, op die skool ; na kerk, na die kerk.

7. Skrywe volledige antwoorde op hierdie vrae :
   (*a*) Van watter land was Oom Paul president ?
   (*b*) Wat is die werk van 'n sekretaris ?
   (*c*) Vanwaar kry die sekretarisvoël sy naam ?

1. Lees :

Gert wil saamgaan.

„ Ma," sê Gert 'n paar weke later, „ as ek nou vir Pa vra of ek kan saamry met Oom Piet Retief, dink Ma Pa sal ja sê ? "

„ Saamry ? Waarheen ? "

„ Na Dingaan se stad. Weet Ma dat hy vir klein Piet gaan meeneem, en hy is net so oud as ek ? "

„ My liewe seun, jy sal verniet vir jou pa vra. En al sê hy ook ja, sal ek jou tog nooit laat gaan nie."

Gert se gemoed skiet vol. Sy oë word vol trane en hy loop haastig weg onder die bome in, om hom en sy trane êrens weg te steek.

(Uit *Kinders van die Voortrek*, M. E. Rothman.)

2. Wat het Gert vir sy ma gevra ?
   Wat het hy van klein Piet gesê ?
   Wat het sy ma geantwoord ?
   Wat het Gert toe gedoen ?

3. Skrywe die gesprek tussen Gert en sy ma in jou eie woorde.

4. Soek die *vraende sinne* in bostaande stukkie uit. Skrywe vraende sinne waarop die volgende sinne antwoorde is :
   (*a*) Gert wou na Dingaan se stad gaan.
   (*b*) Klein Piet sou ook meegaan.
   (*c*) Gert se ma wou hom nie laat gaan nie.
   (*d*) Gert het toe begin huil.

5. Wat is die teenoorgestelde van : *later, oud, vol, saamgaan, êrens, klein, haastig.* Skrywe sinne met die woorde wat jy vind.

6. Die meervoud van *oog* is *oë*. Wat is die meervoud van *weg, boog, eg.*

1. Lees :

Die wolf met 'n skaapvel.

'n Wolf hang eendag 'n skaapvel om, en gaan toe saam met die skape en lammers na die kraal. Voor hy enige kwaad kon doen, kom die skaapwagter om 'n paar vet skape uit te vang. Skielik kom hy op 'n dier af met harige ore en 'n wollerige rug.

„ Dis 'n snaaks skaap," sê die wagter, en sonder om meer te praat hang hy die dier op aan 'n boom.

„ Waarom hang jy dan 'n onskuldige skaap op ? " vra iemand wat daar verby loop.

„ Nee," was die antwoord, „ dis maar net 'n wolf wat 'n skaapvel om het."

2. Kies die *vraende sin* in hierdie fabel uit. Maak vraende sinne met : wolf, skaapwagter, lammers, boom.

3. Watter kos eet 'n wolf en 'n jakkals ? Noem ander diere wat dieselfde soort kos eet. Hulle word genoem *vleisetende diere.*

Wat eet skape en bokke ? Watter ander diere eet dieselfde soort kos ? Sulke diere noem ons *grasetende diere.*

4. Die meervoud van *wolf* is *wolwe.* Skrywe sinne met die meervoud van *kolf, golf, kerf, werf.*

5. Skrywe antwoorde op hierdie vrae :
   (*a*) Wat het die wolf gedoen ?
   (*b*) Waar het die skaapwagter hom gevang ?
   (*c*) Wat het die skaapwagter gesê ?
   (*d*) Wat het toe van die wolf geword ?

6. Vertel die fabel nogeens aan die klas.

7. Wat is die eintlike betekenis van hierdie fabel ?

1. Lees :

Die leeu se deel.

'n Baie dik vrou het eendag die dieretuin in Pretoria besoek. Sy wou graag sien hoe die leeus kos kry ; maar kon nie verstaan waarom elke leeu maar net so 'n klein stukkie vleis kry nie.

„ Dit lyk my dis darem maar 'n klein stukkie vir 'n leeu," sê sy aan die opsigter.

Die man kyk haar aan met 'n glimlaggie. „ Dit lyk miskien klein vir u Mevrou," antwoord hy, „ maar dis oorgenoeg vir die leeu."

2. Wie het die dieretuin besoek ?
   Wat wou sy graag sien ?
   Wat het sy aan die opsigter gesê ?
   Wat was sy antwoord ?
   Wat beteken die antwoord van die opsigter ?

3. Vertel die verhaaltjie nogeens aan die klas.

4. Die woord *dieretuin* is saamgestel uit die twee woorde *diere* en *tuin*. Dit is dus 'n *saamgestelde* woord. Skrywe sinne met saamgestelde woorde wat jy van die volgende woorde maak : honde en hok ; blom en tuin ; tuin en blom ; vleis en kamer ; leeu en vel.

5. As ons persone aanspreek sê ons soms *jy* en soms *u*. Hoe weet 'n mens watter van die twee gebruik moet word ?

6. Skrywe sinne met : besoek, versoek ; darem, daarom ; verstaan, verstand ; stukkie, stukkend.

Juta se **Afrikaanse Verhaaltjies,** 1/6. Elke leerling in Standerd IV. behoort hierdie boekie te hê ; dis interessant en leersaam

1. Lees :

Woltemade.

Ja, daar kom die held van die dag aan. Hy is te perd. Wat 'n dier! Sterk, mooi, dapper, nes sy baas. 'n Eenvoudige boer was dié Woltemade—'n melkboer sê sommige mense ; ander sê hy het opsig oor die Kompanjie se dieretuin gehad. Heel moontlik het hy albei dinge gedoen—melk verkoop en ook die tuin opgepas.
(Uit *Kykies vir Kinders I.*, Nico Hofmeyr.)

2. Beantwoord hierdie vrae :
   (*a*) Wie kom daar aan?
   (*b*) Waarop ry hy?
   (*c*) Hoe lyk sy perd?
   (*d*) Wat was Woltemade se werk?

3. Vertel wat in bostaande stukkie van Woltemade gesê word.
   Vertel nog meer wat jy van hom geleer het.

4. 'n *Samegestelde* woord bestaan uit twee of meer hele woorde. Soek twee samegestelde woorde in bostaande stukkie uit en skrywe sinne van jou eie met hulle.

5. As ons perde vergelyk kon ons sê : hierdie een is *sterk*, daardie een is *sterker*, en die derde een is die *sterkste*. Hierdie vorme is die *trappe van vergelyking* van *sterk*. Skrywe die trappe van : *mooi, lelik, wit, blou*. Probeer ook : *dapper, teer, maer, gaar*.

6. Voltooi die volgende sinne :
   (*a*) Sommige mense sê dat Woltemade . . . . . .
   (*b*) Ander sê weer dat hy . . . . . .
   (*c*) Dit is moontlik dat Woltemade . . . . . .
   (*d*) Woltemade is een van . . . . . .

1. Lees :

Die kombuisjong en die borde.

Die nôi het aan die kombuisjong gesê, dat as hy die borde laat val, sy hom sal laat loop.

Eendag dra hy 'n groot stawel borde van die eetkamer na die kombuis. In die gang hak sy voet, en al die borde lê aan stukkies.

Hy stap toe na die sitkamer, steek sy kop in en sê, „ Nôi al die borde is stukkend, en ek loop nou."

2. Skrywe bostaande verhaaltjie korrek af.

3. Vertel die verhaaltjie in jou eie woorde.

4. Veronderstel dat jy die nôi is, en vertel dan nogeens die storie.

5. Skrywe antwoorde op hierdie vrae :
   (*a*) Wat het die nôi omtrent die borde gesê ?
   (*b*) Wat het later in die gang gebeur ?
   (*c*) Waarom het die borde geval ?
   (*d*) Wat het die jong toe gedoen ?

6. Voltooi die volgende sinne :
   (*a*) Die nôi sê aan die kombuisjong : „ As jy . . .
   (*b*) Na die ongeluk, sê die kombuisjong aan die nôi dat . . .

7. *Kombuisjong* is 'n *samegestelde woord* ; dit bestaan uit twee hele woorde *kombuis* en *jong*. Soek al die samegestelde woorde in bostaande stukkie uit.

8. Vorm samegestelde woorde met die volgende as eerste deel : slaap, skryf, gang.

9. Druk die volgende sinne anders uit :
   (*a*) Sy wou die jong laat loop.
   (*b*) Die borde lê aan stukkies.
   (*c*) Hy steek sy kop in die kamer.

1. Lees :

Die gevaar van 'n bed.

'n Timmerman vra eendag vir 'n matroos, „Waar is jou pa dood?" Die matroos antwoord, „My pa, my oupa en my grootjie is almal in die see verdrink." „En is jy dan nie bang om op die see te gaan nie?" vra die timmerman.

Die matroos antwoord nie die vraag nie, maar vra op sy beurt : „Waar is *jou* pa dood" „Op sy bed." „En jou oupa?" "Op sy bed." „En jou grootvader?" „Ook op sy bed." „Wel," antwoord die matroos, „is jy dan bang om na bed te gaan?"

2. Vertel hierdie verhaaltjie in jou eie woorde.

3. Voltooi die volgende sinne :
   (*a*) Die timmerman vra die matroos waar sy . . .
   (*b*) Die matroos sê dat . . .
   (*c*) Die timmerman vra toe of . . .
   (*d*) Maar die matroos vra weer waar . . .
   In hierdie sinne kom geen aanhalingstekens voor nie.

4. Skrywe die verhaal neer, maar gebruik sinne wat nie tussen aanhalingstekens staan nie.

5. Skrywe antwoorde op hierdie vrae :
   (*a*) Wat doen 'n timmerman?
   (*b*) Waar werk die matrose?
   (*c*) Wie se vader was jou grootjie?
   (*d*) Hoe laat gaan jy na bed?

6. Skrywe sinne met *kooi, versuip, dooie, bangerig, gevaarlik.*

7. Vertel hoe die klere van 'n matroos lyk. Waarom, dink jy, is hulle broekspype so wyd?

1. Lees :

Die onverstandige muis.

'n Muis het eendag 'n leeu se lewe gered. Die leeu was baie dankbaar, en vra toe die muis wat hy graag wou hê. „ Ek wil met jou dogter trou," sê die muis. „ Goed," antwoord die leeu.

Toe die bruilof klaar was stap die muis huistoe met sy bruid. Die bruid was so in haar skik met haar mannetjie, dat sy nie kyk waar sy trap nie, en ongelukkig trap sy haar mannetjie dood.

2. Wat het die muis eendag gedoen ?

   Wat het die leeu hom toe gevra ?

   Wat was die muis se antwoord ?

   Wat het na die bruilof gebeur ?

3. Vertel die storie van die onverstandige muis.

4. Voltooi die volgende sinne :

   (*a*) Die muis het gevra of . . .

   (*b*) Die leeu het geantwoord dat . . .

   In hierdie sinne kom die aanhalingstekens nie voor nie.

5. Skrywe die storie af, maar gebruik sinne wat geen aanhalingstekens nodig het nie.

6. Skrywe sinne met *seun, bruidegom, vroutjie.*

7. Druk die betekenis van hierdie sinne anders uit :

   (*a*) Die leeu se lewe was gered.

   (*b*) Die muis was onverstandig.

   (*c*) Die bruid was in haar skik.

1. Lees :

Die dorstige paddas.

Dit was baie droog in die Karo, en die paddas kon nie meer water kry nie.

Twee van hulle kom eendag by 'n put. „Kyk tog watter lekker water is daar," sê die een, en wou ook somaar inspring.

„Wag 'n bietjie," antwoord sy maat; „ek gaan nie inspring nie. Hoe kom ons weer uit, as die put eendag opdroë?"

2. Waar was dit baie droog?
   Wat kon die paddas nie meer kry nie?
   Wat het die een padda gesê?
   Wat wou hy toe doen?
   Wat het sy maat geantwoord?

3. Vertel die storie van die twee dorstige paddas.

4. Voltooi die volgende sinne :
   (*a*) Die eerste padda sê dat . . .
   (*b*) Maar die twede sê toe dat hy . . .

5. Druk die betekenis van die volgende sinne anders uit :
   (*a*) Daar was 'n groot droogte in die Karo.
   (*b*) Die paddas het dors gely.
   (*c*) Die put sal gou opdroë.

6. Vertel watter deel van ons land die Karo heet.
   Hoe lyk daardie streek?
   Watter diere en plante vind 'n mens daar?

Juta se **Afrikaanse Verhaaltjies** vir gebruik in Standerd IV. Prys 1/6.

1. Lees :

Die selfsugtige perd.

'n Perd het eendag losgeloop langs 'n esel wat 'n baie swaar vrag dra. Toe die esel stokflou was, en nie meer verder kon nie, soebat hy die perd om tog te help dra. Maar die perd wou nie ; hy was selfsugtig en lui.

Naderhand val die esel morsdood neer. Toe kom die baas daar ; hy laai die swaar vrag op die perd, en die dooie esel ook.

2. Wat het die esel gedra ?
   Waar het die perd geloop ?
   Wat het die esel gevra ?
   Wat was die perd se antwoord ?
   Wat het die baas gedoen toe hy daar kom ?

3. Voltooi hierdie sinne :
   (*a*) Die flou esel smeek toe : „Help . . .
   (*b*) Maar die perd antwoord : „Nee, ek . . .
   (*c*) Toe die baas daar kom, sê hy : „Ek . . .

4. Skrywe die storie af, maar gebruik daarby die sinne wat jy in vraag 3 voltooi het.

5. Let op die woorde *stokflou* en *morsdood*. Wat beteken hulle ? Hier is nog 'n paar van dieselfde soort : *spekvet*, *brandmaer*, *perdfris*, *doodmoeg*. Skrywe sinne met hierdie woorde.

6 Druk die volgende sinne anders uit :
   (*a*) Die esel was swaar belaai.
   (*b*) Die esel het baie gesoebat.
   (*c*) Dit was 'n selfsugtige perd.
   (*d*) Dit was die perd se verdiende loon.

1. Lees :

Die gulsige boer.

'n Sekere boer het 'n pragtige gans gehad, wat elke dag 'n goue eier gelê het.

Maar die boer was gulsig, en wou graag baie van die eiers tegelyk hê. Hy slag toe die gans, en sny dit oop. Hy het suur opgekyk, toe hy geen eiers sien nie.

2. Wat het die boer besit?

Wat het die gans elke dag gedoen?

Wat wou die boer hê?

Wat het hy toe gedoen?

3. Skrywe die storie van die gulsige boer in jou eie woorde.

Voeg by wat die boer gesê het, toe hy geen goue eiers vind nie.

4. Wat is die teenoorgestelde van :
'n *pragtige* gans, 'n *gulsige* man, 'n *suur* gesig, *baie* eiers.

5. Druk die betekenis van die volgende sinne anders uit :

(*a*) Die boer was ongeduldig.

(*b*) Hy het die gans oopgeslag.

(*c*) Die arme boer het bedroë daaruit gekom.

(*d*) 'n Halwe eier is beter as 'n leë dop.

Juta se **Afrikaanse Verhaaltjies** bevat leersame en interessante stories vir leerlinge in Standerd IV. Prys 1/6.

1. Lees :

Afguns.

'n Hond gaan eendag op die voer lê in die stal van die kalwers. Toe die kalwers naderhand inkom, wou die hond nie padgee nie. Hy knor en blaf, en wou hulle bevlie.

Toe sê een van die kalwers : „Maar kyk so 'n afgunstige hond ; hy kan self nie die voer vreet nie, en tog wil hy nie dat ons dit kry nie."

2. Waar het die hond gaan lê ?
   Wat het hy gedoen toe die kalwers inkom ?
   Wat het die een kalf gesê ?

3. Vertel nogeens die storie van die afgunstige hond.
   Waarom noem ons die hond afgunstig ?

4. Druk die volgende sinne anders uit :
   (*a*) Die hond het nie padgegee nie.
   (*b*) Hy wou die kalwers bevlie.
   (*c*) Die hond was afgunstig op die kalwers.

5. Wat is die verskil tussen *vreet* en *eet*, *vrek* en *doodgaan*, *suip* en *drink* ? Gebruik die woorde in sinne.

6. Veronderstel dat jy die hond is, en vertel van jou ontmoeting met die kalwers in die stal.

1. Lees :

Die esel met die leeuvel.

'n Esel trek eenmôre 'n leeuvel oor sy rug, en ja toe al die skape en beeste op loop. Toe hy sy baas sien, wou hy hom ook bangmaak. Maar sy baas het hom somaar herken aan sy lang ore, en het hom 'n goeie les met die sambok geleer.

2. Wat het die esel eenmôre gedoen?
   Vir wie wou hy bangmaak?
   Wat het sy baas toe gedoen?

3. Vertel die storie van die esel in jou eie woorde.

4. Veronderstel dat jy die baas van die esel is, en skrywe die storie neer.

5. Vertel ook die storie soos die esel dit sou doen.

6. Druk die betekenis van die volgende sinne anders uit :
   (*a*) Die diere sit toe almal op die loop.
   (*b*) Die esel wou sy baas 'n skrik op die lyf ja.
   (*c*) Die baas het die lang ore somaar herken.
   (*d*) Die esel het 'n goeie les geleer.

7. Wat beteken die volgende uitdrukkings :
   (*a*) Dis husse met skaapore.
   (*b*) So dom soos 'n esel.
   (*c*) Eers ou mense, dan langore.

1. Lees :

Die pennie en die sieling.

'n Pennie en 'n sieling ontmoet eendag mekaar in 'n man se sak.

Die sieling trek sy neus op en sê : „Ek is twaalfmaal soveel werd as jy."

„Dit is waar," antwoord die pennie ; „maar ek is tog beter as jy. Ek gaan elke Sondag kerktoe, en jy gaan byna nooit nie."

2. Waar het die twee geldstukke mekaar ontmoet ?
   Wat het die sieling gedoen ?
   Wat het hy gesê ?
   Wat was die antwoord van die pennie ?

3. Voltooi die volgende sinne :
   (*a*) Die sieling sê dat hy . . .
   (*b*) Die pennie antwoord toe dat hy . . .

4. Skrywe die storie af, maar gebruik die sinne wat jy in vraag 3 voltooi het.

5. Veronderstel dat jy die sieling is, en deel jou ontmoeting met die pennie mee.

6. Skrywe die name van al die muntstukke neer wat jy ken.

7. Skrywe sinnetjies met die name van al die dae.

8. Let op : ons skrywe *twaalfmaal, eenmaal, tienmaal* ens.; maar *twaalfde maal, eerste maal, tiende maal* ens.

9. Skrywe sinne met : *huis-toe, na die huis toe* ; *skool-toe, na die skool toe.*

1. Lees :

Volg die bal.

Hierdie speletjie word met 'n ronde voetbal gespeel. Die kinders staan in 'n kring, omtrent vier of vyf tree uitmekaar. Een kind staan buitekant die kring, en moet die bal volg. Die bal word van die een kind na die ander gegooi, al om die kring. As iemand die bal misvang, moet hy weer uit die kring gaan en die bal volg. Die bal moet vinnig van die een speler na die ander gegooi word.

2. Waarmee speel 'n mens " Volg die bal " ?
   Hoe moet die spelers staan ?
   Waar staan die kind wat die bal moet volg ?
   Hoe word die bal gegooi ?
   Wat gebeur as iemand die bal misvang ?
3. Vertel hoe „ Volg die bal " gespeel word.

4. Wat is die *verkleinwoord* van *bal* en *kring* ?
   Skrywe sinne met die verkleinwoorde.

5. Wat is die teenoorgestelde van *buitekant* en *vinnig* ?

6. *Voetbal* is 'n samegestelde woord. Maak samegestelde woorde van *kind* en *skool*, *huis* en *kring*, *bal* en *korf*.

7. Let op : vier-en-twintig, vyf-en-dertig.
   Skrywe voluit 36, 63, 57, 89.

1. Lees :

Die seun en die skerpioen.

'n Seun was besig om sprinkane te vang in die veld. Hy sien 'n skerpioen aan vir 'n sprinkaan, en wou hom net optel, toe die skerpioen sy angel uitsteek en sê : „As jy aan my geraak het, vrindjie, dan was jy my kwyt, en al jou sprinkane ook."

2. Wat het die seun in die veld gedoen ?
Wat het hy byna ook opgetel ?
Wat het die skerpioen gesê ?
Wat beteken die woorde van die skerpioen ?

3. Vertel wat met die seun in die veld gebeur het.

4. Veronderstel dat jy die seun is, en skrywe neer wat met jou in die veld gebeur het.

5. Druk die betekenis van die volgende sinne anders uit :
(*a*) As jy weggaan, raak jy al jou speelgoed kwyt.
(*b*) Daardie persoon is liggeraak.

6. Skrywe antwoorde op die volgende vrae :
(*a*) Waar kry 'n mens gewoonlik skerpioene ?
(*b*) Waarom is sprinkane skadelik ?
(*c*) Wanneer en waar trek daar swerms sprinkane oor die land ?

7. Wat is die *vroulike* vorme van *seun*, *haan*, *vrind* ?

1. Lees :

Jakkals en Krap.

Op 'n goeie dag gaan Jakkals water drink. Toe hy klaar met drink was, sien hy Krap heen en weer, vorentoe en agtertoe, en ook dwarsweg loop. Hy staan vir Krap nog so en beskou, toe dié vererg word en vra : „ Jakkals weet jy dan nog nie, dat dit bra onbeskof is om iemand so te staan en bekyk nie ? Het jy nog nie beter maniere geleer nie ? "

(Uit Von Wielligh : *Dierestories IV.*)

2. Wat het Jakkals gaan doen ?
   Vir wie het hy toe gesien ?
   Hoe het Krap geloop ?
   Wat het Krap aan Jakkals gesê ?

3. Vertel die storie soos Jakkals dit sou doen : „ Eendag gaan ek water . . . "

4. Skrywe die verhaaltjie neer soos Krap dit sou vertel.

5. Wat beteken *bra* ? Skrywe 'n paar sinne waarin die woord voorkom.

6. Let op die uitdrukkings : *staan en beskou, sit en eet.* Skrywe sinne met : *loop en praat, lê en dink, staan en wag, sit en brom.*

7. Voltooi die volgende sin : Krap vra toe vir Jakkals of . . . en of hy nog nie . . .

1. Lees :

Rudolf van Hapsburg.

Baie jare gelede was Rudolf van Hapsburg eendag met sy leër op 'n plek waar geen water was nie. Almal moes swaar ly aan dors.

Toevallig kry een van die soldate 'n bottel water, en bring dit na Rudolf. Hy neem toe die water en sê : „ Alleen kan ek nie drink nie, en dis te min vir ons almal. Ek het nie dors net vir myself nie, maar vir my hele leër."

Toe maak hy die bottel oop, en gooi die water uit op die grond.

2. Waar was Rudolf met sy soldate ?
Wat het een van die soldate gekry ?
Wat het Rudolf met die bottel gemaak ?

3. Voltooi die volgende sin : Rudolf van Hapsburg het gesê dat hy alleen . . . en dat hy nie net . . .

4. Laat Rudolf self die verhaal vertel.

5. Skrywe sinne met : *leer, leër, lêer ; ly, lei· ; 'n bottel water, 'n waterbottel ; een dag, eendag ; drink. drank ; gelede, verlede, oorlede.*

6. Wat sou die soldaat aan Rudolf van Hapsburg gesê het, toe hy hom die bottel water gee ?

1. Lees :

Die kat en die voëltjie.

'n Kat vang eendag 'n voëltjie en wou hom somaar dadelik opeet.

„ Dis nie manierlik om te eet voor jy jou gesig gewas het nie," sê die voëltjie.

Die kat word toe 'n bietjie skaam, sit die voëltjie neer, en begin sy gesig te was.

Die voëltjie vlie toe weg, en die kat was baie kwaad. „ So lank soos ek lewe, sal ek altyd eers eet, en dan my gesig was," sê hy.

En alle katte doen nog so vandag.

2. Wat wou die kat met die voëltjie maak ?
Wat het die voëltjie gesê ?
Wat het toe gebeur ?

3. Laat die voëltjie self die storie vertel.

4. Skrywe die storie soos die kat hom sou vertel.

5. Voltooi hierdie sinne : Die voëltjie sê toe dat . . .
Die kat sê dat solank . . .

6. Skrywe sinne met *etenstyd, slapenstyd, geëet, kwaai.*

7. Let op : Die slang is lank ; dit is 'n lang slang.
Gebruik ook in sinne *goeie, goed ; wyd, wye ; hoë, hoog ; laag, lae.*

1. Lees :

By die boer se kuil water.

Daar onder in die laagte op Boer se plaas was 'n groot kuil water. Om die kuil het fluitjiesriet en papkuil gegroei, waarin die voëls teen reën, wind en sonhitte kom skuiling soek. Ook het Boer se vee en wild daar by die kuil kom water drink. Tingtinkie en Skeermuisie het daar ook nie weggebly nie.

(Uit Von Wielligh : *Dierestories IV.*)

2. Waar was die kuil water?
   Wat het daar gegroei?
   Wat het die voëls daar gesoek?
   Wat het ook daar water gedrink?
   Wat word van Tingtinkie en Skeermuisie gesê?

3. Vertel hoe fluitjiesriet en papkuil lyk.
   Wat is 'n tingtinkie, en 'n skeermuisie?

4. Wat beteken hierdie sinne :
   (*a*) Die voëls soek skuilplek in die riete.
   (*b*) Wild word oral skaars.
   (*c*) Jy moet wegbly van die konfyt.
   (*d*) Die reën bly vanjaar lank weg.

5. Vertel iets van die lewe van voëltjies en van muise.

Juta se **Afrikaanse Verhaaltjies** vir Standerd IV. Prys 1/6. Interessant en leersaam.

1. Lees :

Die donkie se wens.

(1)

Daar was eendag 'n donkie wat baie ontevrede was met sy lot.

Dit was winter en hy sê vir homself : „Ek wil tog so graag weer warm dae en groen gras hê, in plaas van 'n koue stal en droë strooi."

Toe die lente kom, was daar baie groen gras. Maar toe was daar ook werk, en die donkie het gou-gou moeg geword van die lente. Sy volgende wens was dat die somer moes omkom.

2. Waaroor was die donkie ontevrede ?
   Wat het hy gesê ?
   Wat het in die lente gebeur ?
   Waarna het hy toe verlang ?

3. Vertel wat hier van die donkie gesê word.

4. Voltooi hierdie sin : Toe dit winter word sê die donkie dat hy . . .

5. Skrywe sinne met *koud* en *koue*, *droog* en *droë*, *wyd* en *wye*, *laag* en *lae*.

6. Skrywe sinne met *gou-gou*, *speel-speel*, *fluit-fluit*.

7. Waarom hou jy baie van die somer ?

8. Wat is die vernaamste werk op die plase in julle distrik (*a*) in die winter, (*b*) in die somer ?

1. Lees :

Die donkie se wens.

(2)

Toe dit somer word, vind die donkie dat sy lot nog onaangenamer was, want toe moes hy elke dag hooi en groente aanry in die warm son. „ Waarom word dit tog nie gou herfs nie ? " sug hy.

Maar gedurende die herfsmaande moes hy swaar werk ; hout, koring en ander goed moes gery word.

Eindelik verlang by toe na die winter. „ Dan kan ek tog teminste rus, al het ek nie baie kos om te eet nie," sê hy.

2. Wat moes die donkie in die somer doen ?
Wat het hy toe gesê ?
Watter werk was daar in die herfsmaande ?

3. Voltooi hierdie sinne : In die somer het die donkie gevra waarom . . . Hy sê dat hy in die winter . . .

4. Skrywe die name van die maande neer.

5. Vertel wat in die twee lesse van die donkie gesê word.

6. Skrywe sinne met : *groentetuin, winterreën, koringlande, houthek, eikehout, sonstraal.*

1. Lees :

Die Sendeling en die Leeuin.

'n Sendeling, wat deur die bosse van Midde-Afrika gereis het, kry eendag 'n klein leeutjie. Hy tel die mooi diertjie op en begin met hom te speel.

Skielik kom die moeder te voorskyn en brul geweldig toe sy haar kleintjie in die hande van die sendeling sien. Die Kaffirs, wat by die sendeling was, vlug almal weg. Maar die sendeling sit skielik die leeutjie neer en maak sy sambreel oop. Dit het die leeuin so 'n skrik gegee, dat sy haar kleintjie opraap, en in die woud verdwyn.

2. Waar het die sendeling gereis ?
   Wat het hy daar gekry ?
   Wat het toe gebeur ?
   Wie het dadelik gevlug ?
   Wat het die sendeling gedoen ?

3. Vertel wat in die woud gebeur het.

4. Laat die sendeling dieselfde vertel.

5. *Leeutjie* en *diertjie* is *verkleinwoorde* van *leeu* en *dier*. Skrywe die verkleinwoorde van Kaffir, sambreel, moeder, tier, steel.

6. *Leeuin* is die *vroulik* van *leeu*. Wat is die vrouliko vorme van *haan, seun, neef, oom* ?

7. Wat beteken—
   (*a*) 'n Groot leeu kom uit die bos te voorskyn.
   (*b*) Die sendeling ja hom 'n skrik op die lyf.

1. Lees :

Probeer maar.

'n Reisiger wat baie dik was, ontmoet eendag 'n boer naby 'n stad. In daardie dae was die stede omring deur hoë mure.

„ Sal ek nog vanaand kan by die stad inkom ? " vra die reisiger.

Die boer bekyk die vreemdeling so 'n bietjie en antwoord : „ Ek het vanmôre daar ingegaan met 'n vrag hooi ; as die poort nie nouer gemaak is nie, sal jy miskien ook kan deurgaan."

2. Hoe het die reisiger gelyk ?
Vir wie het hy ontmoet ?
Wat het hy gevra ?
Wat het die boer geantwoord ?

3. Vertel die storie in jou eie woorde.

4. Laat die reisiger die storie vertel.

5. Voltooi die volgende sinne : Die reisiger vra of hy . . . Die boer sê dat hy . . . en dat as die poort . . .

6. Ons sê *nou, nouer, nouste* as ons drie poorte vergelyk. Die drie vorme noem ons die *trappe van vergelyking.*

Skrywe die *trappe* van *dik, vet, bang.*

7. *Stede* is die meervoud van *stad.* Skrywe sinne met die meervoud van *lid, gebed, skip.*

1. Lees :

Die laer in gevaar.

Met die aanbreek van die dag omtrent vieruur, voel Dirk by die laerpoort 'n gryp aan sy arm. Verskrik ruk hy hom om. Dit was Lenie. „ Dirk, ek hoor iets ! "

Dirk luister, maar hy hoor net die geruis van die môrewind in die bome.

„ Daar is dit weer ! " en in die verte styg daar 'n geluid op, soos niks wat Lenie nog gehoor het nie. Maar Dirk wel—hy het al sy les gehad op kommando.

(Uit *Kinders van die Voortrek* : M. E. Rothmann.)

2. Waar het Dirk gestaan ?
   Wat het hy daar gemaak ?
   Wat het Lenie vir hom gesê ?
   Wat hoor hulle toe in die verte ?
   Wat het die geluid beteken ?
   Waar het Dirk die geluid leer ken ?

3. Vertel hoe die laers van die Voortrekkers gelyk het.

4. Beskrywe in jou eie woorde wat by die laerpoort gebeur het.

5. 'n *Saamgestelde* woord is een wat uit twee of meer ander woorde bestaan, bv. blomtuin. Soek drie saamgestelde in bostaande stukkie uit, en skrywe sinne van jou eie met hulle.

6. Druk anders uit : met die aanbreek van die dag ; met die ondergang van die son ; 'n geluid styg op.

7. Skrywe duidelike sinne met : luister, hoor ; vieruur, vier uur ; geluid, gelui ; verte, verste.

1. Lees :

Die kat en die kanarie.

'n Ou dame het 'n kanarie gehad, wat baie mak was. Sy het hom dikwels uit die koutjie laat gaan, om broodkrummels van die vloer op te tel. Haar kat het die voëltjie nooit gevang nie ; maar eenoggend pak hy hom skielik, en spring met hom op die tafel.

Die ou dame was baie ontsteld ; maar toe sy omkyk, sien sy 'n vreemde kat in die kamer. Na sy die vreemde kat uitgeja het, spring haar eie kat weer af met die kanarie, en laat hom los.

2. Aan wie het die kanarie behoort ?
Wat het die ou dame dikwels gedoen ?
Wat gebeur daar eenoggend ?

3. Laat die ou dame self vertel wat daardie oggend gebeur het.

4. 'n Woord wat uit twee of meer ander woorde bestaan is 'n *samegestelde* woord, soos *broodkrummels*, *kamerdeur*, *slaapkamer*, *plankvloer*, *springhaas*. Skrywe sinne met hierdie woorde.

5. Vertel enige ander verhaaltjie van 'n kat.

1. Lees :

Goeie raad.

'n Ou heer besoek eendag 'n hotel, en toe hy klaar geëet het, sê hy aan die eienaar : „ Op die spyskaart lees ek dat julle self julle pasteitjies maak."

„ O ja Meneer, ons bak dit self."

„ Mag ek julle 'n goeie raad gee ? " vra die ou heer.

„ Sekerlik Meneer," was die antwoord.

„ Laat iemand anders dit tog maak."

2. Waar het die gesprek plaasgevind ?
   Vertel wat daar gepraat is.

3. Laat die ou heer self die storie vertel.

4. Voltooi hierdie sinne :
   (*a*) Die besoeker sê dat op die . . .
   (*b*) Hy vra toe of hy . . .
   (*c*) Eindelik sê hy dat hulle iemand . . .

5. *Pasteitjie* is die verkleinwoord van *pastei*. Skrywe sinne met die verkleinwoorde van *tou*, *ui*, *lei*, *ooi*, *laai*, *voël*, *blaar*, *tuin*.

6. Verklaar hierdie sinne :
   (*a*) Die hotel was die eiendom van Mnr. Vos.
   (*b*) Die ou heer het iets aan die hand gegee.

1. Lees :

Krismis in Duitsland.

Geen volk in die wêreld vier Krismis so mooi as die Duitsers nie. Lank voor Krismis is die winkelvensters mooi versier, en op die mark sien 'n mens Krismisbome van alle groottes. Elkeen in Duitsland, van die rykste tot die armste man het 'n Krismisboom. Die boom hang vol kersies wat brand, vol nagemaakte appels, vol lekkers en speelgoedjies. Al die kinders en ook die diensbodes kry presentjies.

2. Skrywe bostaande noukeurig af.

3. Watter volk vier Krismis die mooiste ?
   Wat gebeur daar al lank voor Krismis ?
   Wie het almal Krismisbome in Duitsland ?
   Wat hang daar aan die bome ?

4. Vertel iets in jou eie woorde omtrent die viering van Krismis in Duitsland.

5. Beskrywe hoe julle elke jaar Krismis vier.

6. Voltooi die volgende sinne :
   (*a*) In Duitsland woon die Duitsers.
   (*b*) In Engeland . . .
   (*c*) In Frankryk . . .
   (*d*) In Australië . . .
   (*e*) In Sjiena . . .
   (*f*) In Rusland . . .

7. Die verkleinwoord van *appel* is *appeltjie*. Skrywe sinne met die verkleinwoorde van : *lekkers, kinders, venster, peer, paal.*

8. Wat is die trappe van vergelyking van : *arm, ryk, mooi, lang, groot.*

1. Lees :

Water verdamp.

Wie het al ooit 'n piering water buite laat staan vir 'n paar dae? Party kinders het al seker opgemerk dat die water na 'n tyd heeltemal verdwyn, al het daar niks by gekom om dit te drink nie.

Wat het van die water geword? Die lug het die water opgeneem, en as dit gebeur, dan sê ons die water het verdamp. Die water in die damme, in die fonteine, in die riviere en in die see verdamp ook.

2. Skrywe bostaande noukeurig af.

3. Waar moet 'n mens die piering water sit?
Wat gebeur met die water?
Watter water verdamp ook?

4. Voltooi die volgende sinne :
(*a*) As 'n mens 'n bakkie water . . .
(*b*) Dieselfde gebeur met . . .
(*c*) Die water word nie gedrink nie, maar . . .
(*d*) Die water van die see is sout, maar . . .

5. Die meervoud van *piering* is *pierinkie*. Skrywe sinne met die meervoud van *wandeling*, *horing*, *koning*, *woning*, *paling*.

6. Die meervoud van *see* is *seë*. Skrywe die meervoud van *twee* en *fee*.

7. Skrywe sinne wat die verskil in betekenis duidelik maak tussen : *buite* en *buiten*, *lig* en *lug*, *water* en *watter*, *heeltemal* en *almal*.

1. Lees :

Was sy dom ?

'n Meisie van die stad het vir die eerste maal op 'n boerplaas gaan kuier. Die aand by die ete het daar ook 'n potjie heuning op tafel gestaan.

„ O," sê die dametjie, toe sy die heuning sien, „ julle hou ook 'n by aan ! "

2. Waarvandaan het die meisie gekom ?
Waar het sy gaan kuier ?
Wat was daar die aand op tafel ?
Wat sê die meisie toe ?

3. Vertel hierdie grappie nogeens aan die klas.

4. Die verkleinwoord van *pot* is *potjie*. Wat is die verkleinwoord van *kat, pit, hoed, stad ;* en ook van *gat* en *blad*.

Die verkleinwoord van *dame* is *dametjie*. Skrywe ook die verkleinwoord van *boer, meisie, tafel, by*.

5. Ons skrywe *eerste maal, twede maal*, ens., maar *eenmaal, tweemaal*, ens. Verder skrywe ons *almal* en *heeltemal*. Maak sinne met die laaste vier woorde.

6. Skrywe sinne wat die onderskeid aantoon tussen :
op tafel en *op die tafel,*
aan tafel en *aan die tafel,*
na kerk en *na die kerk,*
op solder en *op die solder.*

7. 'n *Saamgestelde* woord bestaan uit twee of meer hele woorde, soos *boerplaas, blomtuinhek*. 'n *Afgeleide* woord bestaan byna altyd uit 'n hele woord en 'n voorvoegsel of agtervoegsel of albei, soos *ontneem, potjie, versameling*. Skrywe ses saamgestelde en ses afgeleide woorde.

1. Lees :

Reën in Midde-Afrika.

Van Desember tot Mei reën dit vreeslik baie in Midde-Afrika. Die arme reisiger het dit dan baie moeilik. Weke aaneen val die reën, tot dit naderhand lyk of die son nooit weer gaan skyn nie. Die riviere word vol en vloei oor hulle walle ; die vleie verander in moerasse, en is die broeines van miljoene muskiete. Hierdie muskiete verwilder die witman, wat nuuskierig genoeg is om daardie streke te besoek.

2. Skrywe hierdie stukkie noukeurig af.

3. Wanneer reën dit in Midde-Afrika ?
Wat gebeur met die vleie as dit baie reën ?
Wie vind die muskiete daar lastig ?

4. Vertel in jou eie woorde wat hier gesê word van Midde-Afrika.

5. Skrywe twaalf sinne waarin die name van die maande voorkom, en waarin jy iets vertel van plante, vrugte, reën, droogte, wind of iets anders uit die natuur.

6. Wat beteken *'n arme reisiger* en *'n arm reisiger ?*

7. Skrywe sinne met : *sonskyn, moerasagtig, reënmaande, nuuskierigheid, broeis, landstreek.*

8. Wat is die teenoorgestelde van : *moeilik, vol, vreeslik, baie.*

9. Die meervoud van *nes* is *neste.* Skrywe sinne met die meervoud van *nag, jas, graf, kas.*

1. Lees :

Die kunstenaar en die rower.

'n Kunstenaar moes eendag deur 'n woud reis. Hy word aangeval deur 'n rower, wat hom dreig met 'n pistool.

Die kunstenaar gee toe sy geld af, maar vra die rower om 'n paar koeëls deur sy hoed en jas te skiet. Hy wou aan sy vrinde toon watter groot gevaar hy deurgemaak het.

Die rower was gewillig, en naderhand was al sy koeëls op. Toe was dit die kunstenaar se kans. Hy was liggaamlik sterk, en het gou-gou sy beurs weer afgeneem, en die rower 'n goeie loesing gegee.

2. Waar het die kunstenaar gereis ?

Wie het hom aangeval ?

Wat het die kunstenaar gevra ?

Wat het hy gedoen toe die rower se koeëls op was ?

3. Laat die kunstenaar self die verhaal vertel, en skrywe dit so neer.

4. Wat is 'n kunstenaar ? Noem 'n paar soorte kunstenaars op, en sê wat hulle doen.

5. Skrywe sinne met : *koel* en *koeël*, *voel* en *voël*, *veer* en *veër*, *leer* en *leër*.

6. *Liggaamlik* is afgelei van *liggaam*. Van *vrind* lei ons af *vrindelik*, van *koning koninklik*, van *dood dodelik*. Skrywe sinne met hierdie afgeleide woorde.

1. Lees :

Die seun wat wou swem.

'n Seun van ag jaar wou baie graag ook swem, soos sy ouer maters.

„Ek dink ek sal maar inspring," sê hy.

Maar o wee, hy kon nie swem nie, en skree om hulp toe hy sink.

Na hy uitgehaal is en bygekom het, sê hy huil-huil : „Ek sal nooit weer in die water gaan voor ek kan swem nie."

2. Hoe oud was die seun ?
   Wat wou hy graag doen ?
   Wat het toe gebeur met hom ?

3. Laat die seun self vertel wat plaasgevind het.

4. Voltooi hierdie sinne : Die seun sê toe aan homself dat . . . . . Maar later sê hy weer dat hy nooit . . . . . .

5. Ons sê *oud, ouer, oudste,* as ons persone vergelyk in ouderdom. Hierdie vorme is die drie *trappe van vergelyking.* Skrywe die trappe van *wyd, breed, laag, hoog, lank.*

6. Skrywe sinne met : kort-kort, lag-lag, gou-gou.

7. Wat beteken :

   a) Ek kan nie daardie boek bykom nie.

   (*b*) Na tien minute het die sieke weer bygekom.

   (*c*) Ek moes al my krag uithaal om daardie klip te roer.

1. Lees :

Op my Ou Karo.

Hier wil ek rus op ons vaal Karo,
Hier waar die veld 'n leegte is,
Hier by die slang en die akerdis,
Hier met die hemel blou daarbo.

Grawe hier, boetie, 'n graf vir my ;
Hier is ek tuis, my land is hier ;
Hier waar die korhaan bruilof vier—
Hier wil ek lê in ons grou-geel klei.

Stel nie 'n klip of 'n kruis daarbo,
Skrywe geen teks, wat 'n mens kan lees ;
Sê net : „ Hy slaap, waar hy wou wees—
Hier in die skoot van ons vaal Karo.
. . . . . "

(*C. Louis Leipoldt.*)

2. Lees ook die res van hierdie gedig in *Oom Gert vertel en ander Gedigte*, 2de druk, bladsy 51.

3. Vertel wat die digter van die Karo sê in die eerste versie.

4. Watter wens druk hy uit in die twede versie ?

5. Wat moet daar nie op sy graf staan nie ? Wat moet oor sy graf gesê word ?

6. As hierdie gedig vir jou mooi is, probeer vertel waarom dit so is.

1. Lees

Marthinus Oosthuyzen.

(1)

In 1838 het Dingaan vir Piet Retief en sy sewentig man vermoor, en toe met sy Soeloes die verspreide laers van die Voortrekkers aangeval. Hulle het niemand gespaar nie, maar mans, vrouens en kinders uitgemoor.

By Rensburgskop is veertien man vasgekeer deur die Soeloes, en hulle het dapper geveg teen honderde van die vyand, tot hulle skietgoed naderhand byna op was.

2. Wat het in 1838 gebeur?
   Wat het die Soeloes na die moord gedoen?
   Hoeveel man is op Rensburgskop vasgekeer?
   Hoe het die manne hulle gedra?

3. Verklaar die volgende sinne:
   (*a*) Die laers was wyd uitmekaar versprei.
   (*b*) Die Soeloes het 'n aanval gemaak.
   (*c*) Die ammuniesie was al byna gedaan.

4. Skrywe sinne met: *moord, vyandig, omsingel, dapperheid, veg.*

5. Vertel een en ander van die Voortrekkers—waarom hulle getrek het, hoe hulle gelewe het, wat hulle tot stand gebring het.

1. Lees :

Marthinus Oosthuyzen.

(2)

Hulle wou haas moed opgee, toe hulle 'n perderuiter op 'n afstand sien. Daardie ruiter was Marthinus Oosthuyzen, en hy kon sien wat gebeur. Hy ry toe haastig na die verlate waens, waar daar nog ammuniesie was. Met 'n swaar vrag lood en kruit ja hy dwarsdeur die Soeloes tot by die veertien man op Rensburgskop.

Na 'n uur of wat was daar geen lewendige Soeloe meer om die kop te sien nie.

2. Wat het die veertien man toe gesien?
   Waarheen het die perderuiter toe gery?
   Wat het hy toe gedoen?
   Wat het van die Soeloes geword?

3. Vertel die hele verhaal nogeens oor.

4. Vertel die gebeurtenis soos Marthinus Oosthuyzen dit sou vertel.

5. Die meervoud van *wa* is *waens*, en die verklein woord *waentjie;* so ook *nôi, nôiens, nôientjie.* Skrywe sinne met hierdie woorde.

6. Vertel hoe Dingaansdag by julle gevier word

Uitbrei van verhale.

1. Brei die volgende verhaal uit tot ongeveer tweemaal die lengte. Maak gebruik van die voetnote, of voeg jou eie besonderhede by :—

President Kruger en die Jode.

President Kruger[1] het aan elke kerk[2] 'n morg grond gegee.[3] Maar die Joodse Kerk het net 'n halwe morg gekry. Hulle het toe gaan kla.[4] Die President se antwoord[5] was dat hulle maar helfte van die Bybel het.[6]

2. Brei die volgende verhaal uit :

'n Generaal kom by 'n smidswinkel. Sy perd moes beslaan word. Die smid wys 'n paar hoefysters, maar die generaal buig hulle almal krom. Naderhand kry hy vier waarmee hy tevrede was. Die smid doen sy werk, en kry 'n paar silwerstukke. Hy buig hulle een vir een krom. Eindelik gee die generaal hom 'n goudstuk. Toe was die smid tevrede.

3. Vertel die twee verhale oor na hulle uitgeskrywe is.

---

[1] Was 'n baie godsdienstige man.
[2] Soort geloof ; kerkgenootskap.
[3] Vir watter doel ?
[4] Gesê dis onregverdig.
[5] Hy was nooit verleë om 'n antwoord nie.
[6] Die Ou Testament.

Uitbrei van beskrywings.

1. Brei die volgende beskrywing uit tot sowat tweemaal die lengte. Maak gebruik van die voetnote, of voeg jou eie besonderhede by :

'n Ongeluk op Straat.

'n Motorkar en 'n fiets ry inmekaar.[1] Van alle kante kom mense.[2] Ek gaan ook kyk. Konstabels druk ons terug.[3] Een persoon was erg beseer.[4] Meeste van die omstanders lê die skuld op die drywer van die motor.[5] Die ambulanswa kom daar aan.[6] Die mense versprei weer.

2. Brei die volgende beskrywing uit :

Ons Skool.

Oos skool is buitekant die dorp. Dit bestaan uit ag kamers. Een kamer is baie groot ; die ander is van gewone grootte. Die mure is wit van buite en groen van binne. Die dak is rooi. Om die skool staan bome. Die tuintjies van die kinders is mooi.

1 Daar was teveel rytuie, of iemand het sy kop verloor.
2 Nuuskierig ; wil graag tussen baie mense wees.
3 Hoeveel ? Waarom?
4 Hoedanig? Bewusteloos ? Been gebreek?
5 Waarom doen hulle dit?
6 En toe?

Gedruk deur CAPE TIMES BEPERK, *Kaapstad.*—T4325.